WAARDEPROJEK VERSLAG VAN BORGSKAP

2021- 2023

JULIE 2023

DIE DAMESKRING

OPGESTEL DEUR: RIANA CONRADIE

INLEIDING

"Die Dameskring is 'n landswye organisasie vir Christenvroue. "Waardes vir Woelwaters" is een van die organisasie se nasionale projekte wat ten doel het om waardes by kleuters vas te lê. Die kind wat leef vanuit 'n goeie waardesisteem is beter toegerus om moeilike situasies en teëspoed te hanteer. 'n Handleiding is in beide Afrikaans en Engels (Morals for Minors) beskikbaar. Werkwinkels word landswyd aangebied om veral kleuterskoolonderwyseresse op te lei om hierdie handleidings te gebruik. ***In die geval van mindergegoede areas is dit soms nie finansieel haalbaar vir persone om hierdie werkwinkels by te woon nie.*** *Die organisasie is ook besig met die navorsing en skryf van 'n werkboek vir die gebruik van kleuters om saam met die handleiding te gaan. Die saamstel van 'n handleiding met lesplanne vir onderwysers word ook beplan."*

Bogenoemde is die motivering van Bright Stigting in Northcliff Johannesburg waarvoor hulle die borg toegestaan het, vir die finansiële jaar begin Maart 2023 tot einde Februarie 2024.

WERKWINKELS

Die volgende werkwinkels is in die jaar aangebied:

DATUM	PLEK	ORGANISASIE	AANTAL PERSONE BYGEWOON	AANBIEDER
13-03-23	Wellington	Huis Andrew Murray	25	Riana Conradie
18-03-23	Maccassar	VGK in samewerking met die ATR	35	Riana Conradie Ilze Lammers Conrad Steenkamp
23-03-23	Hillbrow	MES-organisasie	55	Lynn Kruger Riana Conradie Elphi Taljaard
26-05-23	Klipheuwel	Shilo-Skole	15	Riana Conradie
24-06-23	Silverton	Gemeenskap van Eersterus	21	Lynn Kruger Visiplus Tak
12-08-23	Welkom	Riebeeckstad- Ouers	17	Marda Oosthuysen Welkom Tak
09-09-23	Krugersdorp	AFM Noordheuwel	± 30	Lynn Kruger Irma Prinsloo Aasvoëlkop Tak

TERUGVOERING VAN WERKWINKELS

Die evalueringsvorms/terugvoervorms is ook hersien deur die jaar. Aangeheg vind asseblief die eerste voorbeeld en die hersiende voorbeeld van die vorm. Die hersiende voorbeeld is definitief die beter een. Albei vorms is ook in Engels beskikbaar.

Uit die werkwinkels wat gehou is, is van die volgende terugvoering ontvang.

1. Was die inligting ten opsigte van "waarom is dit noodsaaklik om waardes in jong kinders te vestig" voldoende?

    - *Dit beklemtoon die waarde van RESPEK.*
    - *Dit is 'n gids vir die LEWE.*
    - *Waardes vorm die grondslag van 'n "goeie" volwassene.*
    - *Dit sal ons help om ons kinders te help om goeie volwassenes te word.*
    - *Dit moedig ons aan om aan te hou om waardes in ons kinders te vestig.*
    - *Beklemtoon gehoorsaamheid, en dat waardes orde bring.*
    - *PLUS: 5 X Ja!*

2. Is dit, ná die aanbieding, duidelik watter groot rol die ouer, grootouer, opvoeder en oppasser speel in die vestiging van waardes?

    - *Ons speel 'n rol in die uitbou van waardes en ontwikkeling van dissipline*
    - *Ons moet hulle leer om lief te hê, te respekteer, "kindness" te toon teenoor almal op hul pad.*
    - *Ons moet "daar wees" vir die kinders, hulle liefhê en ondersteun.*
    - *Ek moet dit vestig in my leerders en my eie kinders.*
    - *Dit was baie duidelik.*
    - *PLUS 7 X Ja!*

3. Het hierdie werkwinkel jou inspireer om die "Waardes vir Woelwaters" handleiding te gebruik om waardes te herbevestig in jou kinders, kleinkinders, leerders, Sondagskoolleerders en ander kinders in jou sorg?

    - *Ons sal dit gebruik vir ons voorskoolse kinders.*
    - *Die aanbieding was goed en interessant.*
    - *Dit was regtig inspirerend! Want ek het reeds moed opgegee in die onderrig en vestiging van waardes en sedes.*
    - *Dit is belangrik om kinders op te bou in die vestiging van goeie waardes.*
    - *Die werkwinkel was goed en ek het meer geleer.*
    - *Sondagskool is goed vir jong kinders.*
    - *6 X Ja,!*

4. Sou jy belangstel in ’n kort opvolg-aanbieding vir die ontwikkeling van ’n goeie grondslag van waardes vir jong kinders?

- *Hierdie is goeie opleiding vir ’n juffrou en ma.*
- *Die opleiding was goed, ek stel beslis belang.*
- *Ek sal beslis mal wees daaroor om nog ’n aanbieding by te woon.*
- *9X Ja!*

5. Algemene terugvoer

- *Die aanbieding was leersaam en bruikbaar. Ons het meer geleer van waardes, hoe belangrik dit is, en hoe om dit daagliks toe te pas.*
- *Baie dankie vir jul motivering vir die onderrig van waardes, die meeste van ons het nie daarvan geweet nie. Nou weet ons wat ons vir ons kinders gaan leer.*
- *Hierdie aanbieding het my laat sien hoe ’n belangrike rol ons speel in die samelewing. Dit is regtig met die hulp van God wat ons in staat sal wees om ’n impak te maak in die lewe van kinders met wie ons werk.*
- *Ek het die opleiding regtig geniet, ek het begin verstaan hoe belankrik dit is om waardes in jong kinders vas te lê.*
- *Die aanbieding is goed beplan, dit het gemaak dat ek meer wil weet oor die kinders. Ek wil ook myself evalueer en ’’n rolmodel word vir die kinders.*
- *Die opleiding was inspirerend en ons het baie geleer. Baie dankie aan die aanbieder – knap gedaan!*
- *Ek het regtig vandag baie geleer, hoe om met kinders te kommunikeer, hulle te dissiplineer en hulle te beloon vir goeie dade.*
- *Ek het die opleiding geniet en kennis opgedoen oor hoe om waardes in die klas te gebruik.*
- *Die aanbieder was goed, sy het vir ons op ’n goeie manier verduidelik. Hou so aan!*
- *Hierdie werkwinkel het my regtig bemoedig, my gesindheid verander en my lus gemaak om weer te probeer.*
- *Voorstel: Die aanbieding moet prettig wees, en moet ’n verposing insluit. Ook ’n gesels-sessie sodat almal kan deelneem en saam pret hê.*

BEMARKING VAN PROJEK

Daar is verskeie pogings aangewend hierdie jaar vanaf Maart 2023 om die Waardeprojek te bemark asook om dit as een van die beelddraende projekte van Die Dameskring eenvormig en so professioneel as moontlik uit te dra en aan te bied. Die volgende is gedoen:

- Die *Power Point* aanbieding is deur ‘n professionele grafiese ontwerper oorgedoen in Afrikaans en Engels.

- Dit is beskikbaar vir alle aanbieders wat die Werkwinkel wil aanbied.

- Kwotasies is verkry vir digitale advertensie pamflet en kan ook gedruk word in A5 formaat sou dit nodig wees.

- Radio onderhoud is gedoen by Radio Tygerberg.
- Video-opname word gemaak deur professonele grafiese ontwerper met stemopname deur professionele aktrise vir die gebruik waar werkwinkels gehou gaan word ook in Afrikaans en Engels.
- Uitstalling is gehou by die jaarlikse Studente Ondersteuning Sentrum van Solidariteit vir onderwysers in Gauteng. Daar was ongeveer 200 onderwysers teenwoordig en die uitstalling was vir 3 dae lank.

FINANSIES

Meeste van die werkwinkels word vir minder gegoede organisasies en areas gehou waar die deelnemers aan die werkwinkels nie ‘n toegangfooi kan betaal nie.

BEPLANNING

Beplande werkwinkels:

Abraham Kriel Kinderhuis : Datum moet nog vasgestel word. Laaste kwartaal.

Bemarking van Projek : A5 Pamflet Afrikaans en Engels : Ontwerp R500

Druk van Pamflet moet nog bespreek word van hoeveelheid.

Pamflet kan elektronies gebruik word op alle sosiale media-platforms.

Die Weskus Tak van Die Dameskring is besig met ‘n moontlike ontwikkeling van ‘n lesplan- sowel as werkboekie wat saam met die Handleiding aan onderwysers, ouers, grootouers en versorgers aangebied kan word as ‘n pakket.

‘n Voorlopige stel minimum sal gedruk word en ‘n gemeenskap in die Weskus area sal gebruik word om die vatbaarheid hiervan te toets.

Die land se gemeenskappe is definitief honger vir die instelling en vaslegging van waardes.

Hierdie projek is definitief relevant en van ewigheidswaarde vir ons land en sy mense.

Die projek het nodig om mense met passie, entoesiasme en definitiewe tyd te betrek sodat daar in diepte gesoek kan word vir nog borge soos Bright Stigting wat hierdie vir ons moontlik gemaak het.

Om die gemeenskappe wat wel bereik word met die Werkwinkel moet daar ook tyd beskikbaar wees vir die opvolg vir wat presies bereik is en die verskil wat gemaak is deur hierdie Werkwinkel.

AFSLUITING

Om die volhoubaarheid en belangrikheid van hierdie projek te benadruk sowel as te beklemtoon sluit ek af met hierdie uit ‘n Finesse tydskrif boek :”LEER UIT DIE GEHEIME VAN CELEBS oor sukses, motivering, geluk …” uitgegee in 2008.:

HOE OM JOU KINDERS MET STERK WAARDES GROOT TE MAAK:

“Elke ouer se hartsbegeerte is dat hulle kinders Jesus as hulle Verlosser moet aanneem. Maar naas dit – wat is die één waarde wat hulle altyd moet onthou?

AANVAAR VERANTWOORDELIKHEID – RUDA LANDMAN

‘n Mens moet genoeg respek vir jouself hê om te weet wat jy doen, en dan moet jy die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar.

GLO AAN JOUSELF – GERVAN LUBBE

As optelkind is ek deur my klasmaats geterg wat my laat dink het dat ek ‘n nuttelose verloorder was. Eendag het ek besef hoe geseën ek is met my pragtige, liefdevolle vrou en my perfekte babaseun. My houding het verander, en van daardie dag my lewe ook.

DRA DIE GEVOLG VAN JOU KEUSES – WANDA DE KOCK-BAM

Met elke reël is daar ‘n keuse en hierdie keuse het onlosmaaklike gevolge.

GEE UITING AAN JOU GEVOELENS – ZOLA BUDD-PIETERSE

Kinders moet weet dat hulle uiting mag gee aan hulle gevoelens.”

Daar is nog baie voorbeelde en ons land lê brak om waardes by jong kinders te vestig.